Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Forum)
Publication Date: 04 Oct 2017
Page: 11

AVE: 9885.65
Circulation: 7783
Part: 1 of 1

# 'n Malcolm en Martin moet in elk van ons leef

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Een van die boeke wat ek weer van my rak afgehaal het, is die swart Amerikaanse teoloog James Cone se *Martin & Malcolm & America – A Dream or a Nightmare*, oor die twee beklemtoninge van die burgerregteleiers Martin Luther King en Malcolm X.

In sy strewe om geregtigheid en vryheid het Martin die droom van 'n nuwe samelewing beklemtoon. Te midde van soveel stryd en moedeloosheid het hy die visie verkondig van 'n alternatiewe werklikheid – 'n samelewing waarin almal gelyke menswaardigheid geniet.

Malcolm het weer die onreg in die samelewing beklemtoon. Met groot moed en krag het hy die nagmerrie van die werklikheid van onreg en verdrukking blootgelê.

In teologiese taal kan ons sê albei het profeties opgetree. Die een het die profetiese modus van visie beklemtoon en die ander een die profetiese gestalte van kritiek.

> **"Die droom en verlange in ons harte sal help dat daar 'n einde kom aan ons nagmerries in hierdie land.**

Uiteraard is dit nie moontlik om 'n droom aan te hang en nie kritiek te lewer op die werklikheid wat die droom verraai nie.

Net so is dit ook nie moontlik om kritiek te lewer sonder om die visie van 'n nuwe samelewing in ag te neem nie.

Dit is egter wel so dat sommige meer die visie en ander meer die nagmerrie beklemtoon. Ons het albei baie nodig.

Martin en Malcolm sing 'n duet en vul mekaar aan. Cone redeneer dat die twee al nader aan mekaar beweeg het.

Suid-Afrikaners het Malcolms nodig wat op moedige wyse die nagmerries van ons samelewing by die naam noem.

In sy jongste boek, met die veelseggende titel *Pharaohs on Both Sides of the Blood-red Waters: Prophetic Critique on Empire*, ontmasker Allan Boesak juis die nagmerrie dat talle mense wat tevore vir vryheid van verdrukking baklei het, intussen self verdrukkers geword het. Hy verwys na die Suid-Afrikaanse teoloog Takatso Mofokeng se gelaaide stelling dat vandag se farao's "soos ons lyk".

Ons het egter ook Martins nodig, wat John Lennon se lied "Imagine" onverpoosd sing. Hulle help ons om die nuwe samelewing te verbeel, om daarvan te droom.

Die einste Boesak het 'n tyd gelede 'n navorsingsprojek oor globalisering aan die Universiteit Stellenbosch (US) gelei, wat in 'n publikasie met die titel "Dreaming a Different World" gekulmineer het.

Soos die Martins verlang ons na wat ons droom en werk ons vir dit waaroor ons droom. En soos die Malcolms beveg ons dit wat die verwesenliking van ons droom belemmer en van ons land 'n nagmerrie maak.

Die droom en verlange in ons harte sal help dat daar 'n einde aan ons nagmerries in hierdie pragland kom. Ons sal uiteindelik word wat ons droom. In elke Suid-Afrikaner moet 'n Martin én 'n Malcolm leef.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die US.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.